**Februarie 2013**
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier volg iets oor die geboue en besighede aan die noordekant van Kerkstraat, tussen Queen- en Van der Waltstraat. Daar bestaan heelwat foto's van die deel omdat die fotograaf H.F. Gros se ateljee reg oorkant die staat was – meeste van die foto's is van sy balkon af geneem. Die fotografieateljee is later oorgeneem deur Robinson wat ook heelwat foto's nagelaat het. Die naam van die fotograaf op die foto's is ongelukkig nie 'n akkurate aanduiding van die datum waarop die foto's geneem is nie – Robinson het op baie van die ou negatiewe Gros se naam uitgevee en sy eie naam bo-oor geverf.





Deserted Village

Dit bly vir my nog steeds een van die mooiste foto's van ou Pretoria. Tydens die beleg van Pretoria [1880/81] het Gros spesiale toestemming gekry om sy ateljee te besoek en tydens een so 'n besoek het hy die foto geneem. Vir meer inligting oor die foto kyk na die Pretoria brief van Desember 2005.

Heel regs op die foto sien ons die winkel van T.W. Beckett op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat. Die dubbelverdieping links van T.W. Beckett is op nie een van die latere foto's te sien nie en is seker afgebreek. Ongelukkig kon ek nie die name van die ander besighede of hul eienaars in 1880 opspoor nie.

**7. Pretoria Gister en vandag.** [Pretoria News, 1988-04-08]



The sky was still overcast after heavy rain when this picture of Church Street, east of the Square, was taken about 1890.

On the extreme right is the double-storey building of Beckett's. Next to Beckett's is a building with an entrance between two shops, presumably for deliveries.

The first shop is a bakery owned by George Hunter, and the second is George Maughan's butcher shop. The white building next door is owned by W. Henning, Wholesale Wine and Spirit Merchant. Between Henning and Maughan a sign over the entrance to an alley proclaims the presence of H.K. Tucker, coach painter and sign writer.

Other buildings down the street at the time housed bars, restaurants, a bottle store, a boot manufacturing company and auctioneers.



<u>Church Street East, 1988</u>

Today's picture of this part of Church Street shows how radically the city centre has changed.

(Pretoriana picture submitted by Mr. F.H. Beyers of Ben Viljoen Street, Pretoria North. Text by Daan de Beer.)

----------------------------------------------------

**<u>Thomas William Beckett</u>** kom in 1874 in Pretoria aan en 'n jaar later neem hy die ou gebou van Kisch & Harsant op Kerkplein oor en begin sy besigheid daar. Terloops, in 1875 adverteer Kisch & Harsant hulself as die enigste agente vir SINGER naaimasjiene in die die Republiek.

Om terug te keer na T.W. Beckett: in 1875 adverteer hy sy besigheid as geleë in Commecial Row op Kerkplein en waarborg die laagste pryse vir wol, velle en ander produkte. Maar sommer so met die intrapslag bots hy met die gereg. Hy het die markwet oortree deur tabak direk van die boere aan te koop in plaas van om op die mark te koop. Die Landdros bevind hom skuldig en 'n boete van 7 sjielings en 6 pennies word hom opgelê. Die boete kon so

hoog as 500 Riksdaalders gewees het, maar omdat dit ‘n eerste oortreding was was die Landdros hom genadig.

In dieselfde jaar [1878] wat hy die winkel in Kerkstraat betrek het, het hy ‘n blok erwe van Pres. Pretorius gekoop waarop hy ‘n woonhuis, “Blackwood Villa”, gebou het. Munitoria is later op dié grond gebou. In 1889 koop hy ‘n deel van die plaas Arcadia en bou daar ‘n nuwe imposante woonhuis, “Merton Keep”, wat jare later, na sekere verbouings, deur die Franse ambassade betrek word.

Beckett het vooruitgeboer en in 1889 verkoop en ruil hy nie meer wol en velle nie, maar hy adverteer dat ‘n nuwe besending salonmeubels soos rusbanke, gemaklike stoele, klavierstoele, vase en boekrakke so pas uitgepak is. Dan lui die advertensie ook dat hy nou krieketvoorwerpe soos “Bats, Stumps, Balle en kniestukke” te koop aanbied. Dit klink nie asof daar Hollandse of Afrikaanse benamings vir party van die voorwerpe was nie. Later kry hy ‘n vennoot en die firma staan nou bekend as Beckett, Murry & Co.

T.W. Beckett was ‘n belangrike man en kort-kort in die nuus. Hier volg ‘n paar berigte oor hom en sy besigheid in De Volksstem en ander publikasies. Dit gee u ook ‘n kykie in die doen en late van die mense in Pretoria voor 1900.

| | |
|---|---|
| <u>74-11-04</u> | T.W. Beckett trou met Annie Harriet Isabella Orsmand [AFR-19, p002]. |
| <u>75-05-08</u> | T.W. Beckett open sy besigheid op Kerkplein in die ou winkel van Kisch & Harsant. |
| <u>75-05-08</u> | Beckett oortree die markwet – koop tabak direk van boere en nie op die mark nie – en word deur die Landdros beboet. |
| <u>75-08-21</u> | T.W. Beckett & Co. Advertensie. Commercial Row, Kerkplein. |
| <u>76-08-05</u> | By die winkel Beckett & Co word kaartjies verkoop vir die onthaal van die nuwe Wesleyan Chapel. |
| <u>76-12-02</u> | Beckett & Co. sal voortaan elke Woensdag om 2 uur sluit vir die halfweeklikse vakansiedag. |
| <u>77-06-27</u> | Beckett & Co. is gesluit vir voorraadopname. |
| <u>77-07-04</u> | T.W. Beckett – ‘n seun gebore op 28 Junie 1877. |
| <u>77-07-04</u> | T.W. Beckett is gekies as offisier by die Vrymesselaars. Dit het bekend gestaan as die Aurora Lodge [JEP-01, p061]. |
| <u>78-01-01</u> | T.W. Beckett trek na sy nuwe winkel. |
| <u>78-01-01</u> | Beckett het ‘n eis teen W.F. Haybittle ingestel vir skuld. |
| <u>78-04-02</u> | T.W. Beckett & Co. – besigheid sluit vir diens en hoeksteenlegging van St. Alban’s Kerk. |
| <u>79-01-04</u> | T.W. Beckett & Co. Advertensie. Hulle is nou agente vir die Union Steam Ship Co. |
| <u>79-08-05</u> | T.W. Beckett & Co. Advertensie. Lys van goedere in winkel beskikbaar. |
| <u>80-03-13</u> | Daar was ‘n diefstal by Beckett & Co. en die kluis is oopgebreek. Gelukkig was die kluis leeg. |
| <u>80-06-12</u> | T.W. Beckett sal vir drie dae sluit vir voorraadopname. |
| <u>80-10-02</u> | T.W. Beckett aanvaar die nominasie vir die Munisipale Verkiesing vir Wyk Nommer 4. |
| <u>80-10-26</u> | Beckett word met 78 stemme verkies as lid van Wyk 4 vir die Stadsraad. |
| <u>80/81</u> | Beckett is aangestel as Kwartiermeester by die tronk laer in die kamp. |
| <u>82-02-11</u> | T.W. Beckett woon ‘n vergadering van handelaars by oor naturelle-passe. |

81-02-12 Raadslid T.W. Beckett is teenwoordig by die Stadsraadsvergadering.
81-04-30 'n Fransman het sy dogter doodgeskiet voor die winkel van Beckett & Co. Sy het saam met Emerson weggeloop.
81-06-11 Beckett onderteken die adres aan pres. Brand tydens sy besoek aan Pretoria.
81-06-11 T.W. Beckett & Co. sal vir drie dae gesluit wees vir voorradopname.
81-11-23 S. Melvill bedank as direkteur van die Tvl. Executeurskamer. Beckett word in sy plek aangestel.
81-12-28 T.W. Beckett & Co. sal gesluit wees vir nuwejaar, 2-4 Januarie 1882.
82-06-28 T.W. Beckett dien op die komitee van die Opleidingskool.
82-11-04 Hy woon die viering van die verjaarsdag van die Koning van Portugal by.
83-01-03 Beckett weer aangestel as direkteur van die Executeurskamer en Voogdymaatskappy.
83-05-05 Beckett woon die politieke vergadering van J.C. Preller by.
83-08-04 T.W. Beckett is 'n lid van die feeskomitee wat die verwelkoming reël vir die kommando wat van die grens af kom.
83-08-04 Die winkel van Beckett & Co. is versier om die manskappe wat van die grens af kom te verwelkom.
83-11-16 T.W. Beckett is teenwoordig by die vergadering van winkeleienaars oor belasting. Hy word gekies om met die regering te onderhandel.
83-12-07 Mev. T.W. Beckett het 'n stalletjie by die Wesleyan Kerk Bazaar.
83-12-21 Beckett word aangestel as lid van die skoolraad wat publieke eksamens afneem.
84-02-19 Die naam van Beckett & Co. verskyn op die lys van mense wat 'n bydrae gee vir die trekboere.
84-08-08 T.W. Beckett was teenwoordig by die stigtingsvergadering van die Transvaal Chamber of Commerce [V-2/3].
88-10-26 Advertensie. Tenders word gevra vir aanbouings by die winkel van Beckett & Co. Die argitek is R.M. Campbell.
88-10-29 T.W. Beckett onderteken 'n brief aan die Landdros i.s. die Munisipaliteit.
89-02-25 T.W. Beckett open 'n nuwe meubeldepartement. "Sitkamer, eetkamer, slaapkamer en ge-bogenhout meubels en ledikanten. Groot sortering lampe, alle soorte."
1899 Mev. T.W. Beckett is die visepresidente van die Ladies Benevolent Society [STA-03, p309].
89-03-04 T.W. Beckett bedank uit die bestuurskomitee van die Volkshospitaal.
89-03-14 Beckett is nou direkteur van die Eerste Z.A. Cement Fabrieken.
89-03-25 T.W. Beckett. Advertensie. Specialiteit, Krieket voorwerpe: Bats, Stumps, Ballen, Kniestukke en Handschoenen. Tennis raketten en Ballen. Patent Duplex Merkers.
89-05-20 T.W. Beckett gekies as lid van die kommissie wat die Volkspele reël op Hemelvaart by Bereapark.
1899 T.W. Beckett & Co. voorsien sout, koffie en rys aan die staat tydens die eerste ABO [The-02, p048].

Die ander vier foto's verskyn in volgende maand [Maart] se brief en so ook die lys van bronne geraadpleeg. Ek stuur beide Februarie en Maart se briewe gelyktydig anders vergeet mens hoe die eerste paar foto's gelyk het.

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel